Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 28 SEPTEMBER 2025

## Eredienste

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Rut 4: 1-12 (2020 vertaling)
**Tema:** Rut se lojaliteit is Rut se redding.

**18:00 Aanddiens (Kleinkerk)**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Rut 4: 1-12 (2020 vertaling)
**Tema:** Rut se lojaliteit is Rut se redding.

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**
**Aanbieder:** Maretha
**Tema:** Gunsteling Bybelversie

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** André Boshoff
**Tema:** Jesus, ons Koning (Jes 43:1; Joh 1: 12-14; Gal 3: 26 – 29

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** André Boshoff
**Tema:** Jesus, ons Koning (Jes 43:1; Joh 1: 12-14; Gal 3: 26 – 29

**10:00 TvC (Gr 8 – 10) – Kerkgebou**
**Aanbieder:** Magdeli Erasmus
**Tema:** Jona (Onwillig oor die grens)

**Belydenisklas (Gr 11) – Lokaal 1**
**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer
**Tema:** 4 Belydenis vrae

### DIE KOMENDE WEEK…

**Woensdag 1 Oktober**
**09:00 Bybelstudie** (ds Leon) – Kleinkerk
**18:00 Mannegroep –** Lokaal 2
**Donderdag 2 Oktober**
**08:45 Bybelstudie** (ds Gerhard) – Kleinkerk
**14:00 Naaldwerkklasse –** Lokaal 1 & 2

### SONDAG 5 Oktober

**09:00 Erediens (Doop)**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Vennootskappe: Lesotho**

## Lief en Leed

Johan Peyper, Elizabeth Eybers, word geopereer
Faan Schoeman, Caritas, is Vrydag oorlede.
Meegevoel aan sy vrou Elsa en hul kinders.
**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Carene du Plessis, Gazania, verjaar 28 September (82)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

## KERMIS

Woorde is te min om dankie te sê vir alles en dit sluit letterlik alles en almal in.

**Die inkomste is tans R91 436.29**

Daar is nog 'n klompie lekkergoed beskikbaar asook heelwat **maalvleis, wors en lamsvleis**. Lekkergoed is, na die diens, by die Kerkkantoor te koop en vleis by die motorhuis.

By die Kerkkantoor is ook vars pitlose rosyntjies beskikbaar R50 vir 500g.

## SANGGROEP

Die Sanggroep begin reeds oefen vir die Kerssangdiens van 16 November. Enige iemand wat deel wil word van die groep, kontak vir Esther.

## HULP BENODIG

'n Dame wat haar been gebreek het, het hulp nodig met persoonlike versorging asook klein huis takies vir ten minste 2 ure per dag (teen 'n vergoeding). Indien daar iemand is wat haar kan help, kontak asb. die Kerkkantoor.

### 2DE HANDSE SKOOTREKENAAR

Thabo wat werksaam was by die Kerk en intussen oorlede is, se dogter studeer tans. Haar studies vereis dat sy 'n skootrekenaar moet gebruik. Indien iemand dalk kan help, kontak die Kerkkantoor of ds Riaan Stander.

## DOOP

**Sondag 5 Oktober**

Ouers wat wil doop, registreer by die Kerkkantoor teen Maandag 29 September. Kontak die kerkkantoor 051-4462225/ WhatsApp 065 964 0101 of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za

## BETROKKENHEID BY WERKGROEPE EN DIENSRADE

**FINANSIES WERKGROEP –** Die werkgroep benodig lede wat insette kan lewer tov die Gemeente se Finansies.

**NAGMAAL BEDIENING –** Hulp met voorbereiding van nagmaal of hulp met uitdeel van wyn en brood. Jou naam word op 'n groep geplaas waar jy dan 'n boodskap sal ontvang met die datum van die Nagmaal, waarop jy dan kan reageer.

**HULP MET TEESKINK (SONDAE) –** Indien jy nie deel is van die Omgeegroepe of Kerkraad nie en jy graag wil help met teeskink, gee jou naam by die Kerkkantoor op. Jy sal dan gekontak word, wanneer daar hulp benodig word.

**DIENSRAAD UITREIK – OPRUIM PROJEK**

Ons poog om die laaste Saterdag van elke maand mense van NG Kerk Afrika te kry wat kom help met die opruimprojek. Ds Gerhard neem die mense na die dele in Langenhovenpark waar hulle die vullis optel en in swart sakke plaas. Die grootste behoefte op hierdie stadium is om mense te kry, met 'n bakkie, wat die sakke by die betrokke punte kan gaan optel en by die kerkterrein kom aflaai.

**KLANK- & DATA OPERATEURS**

Daar is 3 operateurs op 'n Sondag nodig om die erediens so glad as moontlik te laat verloop. Indien jy graag betrokke wil raak nooi ons jou uit om op 'n Sondag oggend by die operateurs in die kas te kom sit en te kyk hoe dit werk en vandaar 'n besluit te maak.

Verdere opleiding sal dan deur die operateurs verskaf word.

**'n LYS IS OP DIE NAGMAALTAFEL BESKIKBAAR, SKRYF JOU NAAM EN KONTAKNOMMER DAAROP.**

## LINTBORDUURWERK

Die 2 pragstukke is op die Nagmaal tafel uitgestal, kom maak gerus 'n draai en kyk daarna. Daar is 'n lys beskikbaar waarop jy 'n aanbod kan maak. Aanbiedinge is oop tot Vrydag 17 Oktober.

# DANKOFFER BYDRAES

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**

Vorms is by die kerkkantoor beskikbaar

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**

Koeverte is by die deure en die Kerkkantoor beskikbaar

**4. Inbetalings by kerkkantoor**

U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u 'n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is "Dankoffer".

**5. Snapscan**

SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

Internet skakel: https://pos.snapscan.io/qr/PXMP30504

SnapScan kode is in die banke aangebring vir u gerief, indien u verkies om eerder daarvan gebruik te maak ipv om kontant saam te bring.

Snap here to pay

SnapScan

**KONTAKBESONDERHEDE – KERKKANTOOR**

Telefoon 051-4462225; WhatsApp 0659640101; epos ngklhp@mweb.co.za

**Toegangshekke:-** Indien u gedurende die diens die terrein moet verlaat, skakel 0659640101. Indien u in 'n beroep is wat vereis dat u dalk gedurende die diens die terrein moet verlaat, kontak die Kerkkantoor om u nommer op die stelsel te laai sodat u self die hek kan oopmaak om die terrein te verlaat.